S.A.U.K. 191. Ra. 1(12)

NUWEJAARSBOODSKAP

(DEUR PROF. H.B. THOM, VOORSITTER F.A.K.)

Die jaar 1954 het verby gegaan; en ons staan alweer op die drumpel van 'n nuwe jaar. Dit is maar net natuurlik dat ons by sulke geleenthede ons blik weer terug werp, oor die ou jaar wat verby is, en dat ons ook 'n blik vooruit werp, in die nuwe jaar wat voorlê.

Die jaar 1954 was vir die Afrikanerdom in menige opsig 'n goeie jaar. Op ekonomiese gebied het dit met ons mense oor die algemeen voor die wind gegaan: werkgeleenthede was volop; produktepryse is nog steeds redelik goed gehandhaaf; sake-ondernemings was aktief, en daar was 'n groot mate van algemene voorspoed en tevredenheid op tydelike gebied.

Maar nie net op tydelike gebied nie, ook op geestelike en kulturele gebied het ons stof tot dankbaarheid. By die hoofkantoor van die F.A.K. het ons in die loop van die jaar oorvloedige bewyse hiervan gekry. In ons Afrikaanse verenigingslewe het daar beslis 'n verandering ten goede ingetree. Op sekere plekke waar Afrikaanse kultuurverenigings reeds lank gelede doodgeloop het, is sulke verenigings herstig. Op ander plekke het nuwe vorms van kultuuraksie ontstaan, bv. leeskringe, musiekverenigings en kunsverenigings. Gepaardgaande hiermee is, soos 'n mens kan verwag, op verskeie plekke skakelkomitees van Afrikaanse liggame weereens in die lewe geroep. Dit alles dien as bewys dat daar meer aksie en geesdrif in die Afrikaanse kultuurlewe gekom het.

As betroubare barometer van hierdie toestand kan die affiliasie by die F.A.K. dien. Verskeie jare lank was dit nou al die geval dat die getal van Afrikaanse liggame, wat by die F.A.K. affilieer, vrywel jaar-vir-jaar gedaal het. Dit was asof Afrikaanse organisasies minder en minder die noodsaaklikheid daarvan besef het dat hulle hul kragte deur middel van die F.A.K. saamsnoer om aldus op gekoördineerde wyse hulle invloed te laat geld. Vanjaar het die getal affiliasies by die F.A.K.

egter/ 2

egter aansienlik toegeneem. Hieruit sien ons dat baie Afrikaanse liggame opnuut tot hulle taak in hulle eie omgewings ontwaak het, en ook dat hulle nie net aan lokale aksie gedink het nie, maar tewens die noodsaaklikheid van 'n behoorlike onderlinge organisasie verband en van 'n doeltreffende landswye optrede besef het.

Wat vanjaar ook buitengewoon bemoedigend was, was dat Afrikaanse sake-ondernemings na vore gekom het en die Afrikaanse kultuuraksie op kragtige, praktiese wyse finansieel gesteun het. Dit was bv. grotendeels aan die geldelike hulp van Afrikaanse ondernemings te danke dat die F.A.K. vanjaar tot uitgebreider en intensiewer organisasiewerk kon oorgaan, en dat daar op kulturele gebied dinge gedoen kon word wat sonder fondse eenvoudig nie moontlik is nie. Hierdie feite toon vir ons aan dat die besef deurdring dat die Afrikanderdom kultureel fundamenteel 'n eenheid vorm: die Afrikaner-sakeman toon dat die geestelike belange van die groot Afrikanerpubliek daarbuite hom nie koud laat nie; die Afrikanerpubliek begryp dat die stoflike belange van die Afrikaner-sakeman nie sonder betekenis vir die kulturele vooruitgang van die Afrikaner is nie. Dis 'n hoogs belangrike rigting hierdie: ekonomies en kultureel kan dit, indien dit in die toekoms kragtig uitgeleef word, vir Suid-Afrika nog van die allergrootste betekenis wees.

In die middel van ons kulturele aktiwiteite van 1954 het die Silwer Jubileumkongres gestaan, wat die F.A.K. in September in Bloemfontein gehou het. Daar was 'n mooi, groot, geesdriftige opkoms, wat - afgesien van besoekers - bestaan het uit verteenwoordigers van al vier die Provinsies van die Unie, asook van Suidwes en Rhodesië.

Ons het op die kongres 'n opname gemaak van wat die Afrikaner in 'n kwarteeu gepresteer het: op die gebied van die musiek, die beeldende kunste, die letterkunde en op ekonomiese gebied. Maar dit het op kalme indringende wyse geskied: ons het die lig laat

val nie/ 3

val nie net op ons sterkpunte nie, maar ook op ons swakhede, en ons het nagegaan hoe ons te werk moet gaan om ons swakhede die hoof te bied. Ons het ook by die gevare en die bestryding van sede-ondermynende literatuur stilgestaan; en ons het die uitwendige organisasievorme van die verskillende vertakkinge van die Afrikaanse kultuurstrewe krities ondersoek. Dit was vir ons 'n leersame kongres, waar ons die hand in eie boesem gesteek het; dit het vir ons besieling gebring en terselfdertyd lig en leiding vir die toekoms.

Waar ons nou van 1954 afskeid neem, en waar ons soveel in hierdie jaar ondervind het waarvoor ons as Afrikaners dankbaar kan wees, moet ons egter oppas om nie in 'n valse gerustheid te verval en te dink dat alles met ons volk wel is nie. Daar is vandag dinge wat nog nie reg is nie, en waaraan ons onverwyld en ernstig aandag moet wy. Dit is onmoontlik om nou hier op al dié dinge in te gaan, maar ek stel kortliks net één daarvan.

Ons het so pas weer Geloftedag gevier. Op 'n paar plekke, let wel: plekke veral in Suidwes en Rhodesië, was daar mooi opkomste en is goeie feeste gevier, soos dit ware Afrikaners betaam. Ons is dankbaar vir sulke feeste. Dog hierdie feeste was maar min in getal. Daarteenoor kom van tal van plekke die berig dat feeste uiters swak bygewoon is, en dat Afrikaners voorkeur gegee het aan allerhande uitstappies, aan sport en aan ander vorme van plesier. En dit ten spyte van die feit dat ons Voortrekkervoorgeslag 'n plegtige gelofte afgelê het dat die dag getrou gehou sal word, en <u>soos 'n Sabbat</u>, deurgebring sal word.

Ons moet vir onsself van hierdie verskynsel rekenskap gee. Wat waar is van Geloftedag, is ook waar van Van Riebeeckdag en grotendeels ook van Krugerdag. Ons moet in die Nuwe Jaar, en in die jare wat kom, hierdie swakheid regmaak. Of ons die uitwendige viering van ons nasionale-feesdae moet verander om dit beter by nuwe omstandighede te laat aanpas, kan ons vir onsself

uitmaak./ 4

uitmaak. Maar één ding staan vas, en dit is dat ons moet toesien dat ons eie kultuur-besittinge, die skeppinge van ons eie voorgeslagte, wat vir ons moet saambind en vir ons geeskrag moet gee, nie getuienisse teen ons sal wees nie.

Aan almal wat in 1954 geleef en gewerk het om die blywende kulturele belange van ons volk te dien; aan almal wat by die Afrikaanse boek en tydskrif, by die Afrikaanse taal en sedes en gewoontes gestaan het; kortom aan almal wat besef het dat hulle Afrikaans nêrs is en hulle Afrikanerskap uitgeleef het - aan hulle almal wil ek die innige waardering van die F.A.K. oorbring. Mag 1955 vir die geestelike belange van die Afrikanervolk 'n jaar van groot dinge wees. Mag ons volhard op die weg wat, ooreenkomstig die suiwere tradisies van ons volk, in die toekoms vir ons uitgestippel lê. Mag ons tot eer van onse Skepper, 'n bydrae lewer om Suid-Afrika 'n gelukkige tuiste te maak vir ál diegene wat daarin woon - nie net vir onsself nie, maar ook vir ons ander blanke medeburgers en ook vir die gekleurdes wat, net soos ons, Suid-Afrika as enigste vaderland ken.

ooooo0ooooo